higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIENRIGLYN

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

KRIMINOLOGIE
NKR VLAK 3

27 November 2023

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 10 bladsye.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

1.1 B
1.2 D
1.3 C
1.4 A
1.5 D

(5 × 1) **[5]**

VRAAG 2

2.1 Kriminologie
2.2 Skoolrapporte
2.3 Kriminoloog
2.4 Viktimoloë
2.5 Misdaad
2.6 Slagoffers
2.7 Viktimisering
2.8 Lewenstyl
2.9 Bestuur
2.10 Geldige dokumente

(10 × 1) **[10]**

VRAAG 3

3.1 E
3.2 D
3.3 C
3.4 B
3.5 A

(5 × 1) **[5]**

VRAAG 4

4.1 Waar
4.2 Onwaar
4.3 Waar
4.4 Waar
4.5 Waar
4.6 Onwaar
4.7 Waar
4.8 Waar
4.9 Onwaar
4.10 Waar

(10 × 1) **[10]**

TOTAAL AFDELING A: 30

AFDELING B

VRAAG 5

Aantekening aan die nasiener: Die volgende moet as riglyne gebruik word wanneer punte toegeken word.

5.1
- Die omgewing waar mense in interaksie tree, is ’n faktor wat tot slagofferkwesbaarheid kan bydra. In sekere areas van die omgewing kom meer misdadige aktiwiteite voor, wat die risiko van misdaadviktimisasie verhoog.
- Studies het bevind dat misdaad meer in stedelike as landelike gebiede plaasvind. In hierdie verband dui Suid-Afrika se 2006/2007-misdaadstatistieke daarop dat 72,7% van al die roof met verswarende omstandighede in swart townships soos Tembisa, Mamelodi-oos, Khayelitsha, KwaMashu en Umlazi gepleeg is, asook in sentrale sakedistrikte. Dit is omdat stedelike gebiede dikwels gekenmerk word deur groot, informele nedersettings waar armoede en werkloosheid aan die orde van die dag is. Dit is moeilik om hierdie gebiede te polisieer, omdat daar dikwels geen straatligte, strate of identifiseerbare adresse is nie. Die gebrek aan hierdie infrastruktuur dra tot slagofferkwesbaarheid by.
- Navorsing dui ook daarop dat die armste woongebiede die hoogste viktimiseringsrisiko het. Dit kan wees omdat diegene wat arm en/of werkloos is geen ander keuse het as om in gebiede te woon wat meer tot misdaad geneig is nie, soos die binnestad, informele nedersettings en die sentrale sakedistrik.
- Mense wat naby gebiede woon waar die voorkoms van misdaad baie hoog is, is meer kwesbaar vir misdaadviktimisasie.
- Byvoorbeeld, mense wat naby informele nedersettings woon waar armoede en werkloosheid algemeen is, loop die gevaar om ’n slagoffer van inbraak en roof te word. Hierteenoor loop mense wat in hoë-inkomstegebiede woon die gevaar om slagoffers van gewelddadige kapings en residensiële rooftogte te word. Hulle het dikwels beter sekuriteitstelsels wat misdadigers tot geweld dryf om te kry wat hulle wil hê.
- Vermaaklikheidsplekke waar mense sosialiseer, is dikwels ook meer uitgelewer aan misdaad, omdat alkoholgebruik en -misbruik daartoe kan lei dat mense makliker teikens vir viktimisering word. ’n Hoë aantal begeerlike items, soos motors, is ook beskikbaar in ’n gesentraliseerde gebied. (Enige 5 × 1) (5)

5.2 Voordat misdaadstatistiek deur die Suid-Afrikaanse Polisiediens vrygestel word, deurloop dit ’n proses van insameling, verwerking en ontleding/analise. Die eerste stap vereis die optekening van alle aangemelde misdade. Dit is nie altyd ’n maklike taak nie, omdat die tersaaklike inligting onttrek moet word deur misdaadinligting te ontleed. Dit impliseer dat polisielede en ander personeel, wie se taak dit is om te ontleed, vertroud moet wees met gestandaardiseerde misdaaddefinisies ten einde te besluit in watter kategorie ’n misdaad geklassifiseer word. Hierdie kennis is ook noodsaaklik om die betroubaarheid van die statistiese inligting te verseker.

5.2 Byvoorbeeld, 'n aanranding kan, op grond van die erns daarvan, as 'n gewone aanranding of 'n aanranding met die opset om ernstig te beseer geklassifiseer word. Die inligting wat by elke polisiekantoor vasgelê word, word na provinsiale kantore aangestuur van waar dit na die nasionale kantoor en uiteindelik na Statistieke Suid-Afrika aangestuur word. Die onderskeie stappe en tegnologiese stelsels wat gebruik word, kan uitdagend wees en gebrekkige optekening tot gevolg hê. Die gerekenariseerde stelsel waarin misdaadstatistiek opgeteken word, is soms nie gebruikersvriendelik nie en gevolglik moeilik om te bemeester. Polisiebeamptes is nie altyd behoorlik opgelei om dit te gebruik nie en dit, tesame met 'n hoë omset van geskoolde personeel weens bedanking, kan inkonsekwentheid in die vaslegging van inligting veroorsaak. (5)

5.3 Hoewel statistieke aandui dat bejaardes die kleinste gevaar loop om misdaadslagoffers te word, is die finansiële en emosionele impak van 'n misdaad op hulle baie meer traumaties.

- Faktore wat tot hul kwesbaarheid kan bydra, is:
- Weens laer inkomste is hulle geneig om in armer dele van 'n dorp of stad te woon, waar misdaad meer algemeen voorkom. Bejaardes woon dikwels alleen en in omstandighede wat min sosiale kontak toelaat. Hul isolasie en die omgewing waarin hulle hul bevind, dra daartoe by dat hulle maklike misdaadteikens word.
- Ouer mense is ook geneig om 'n voorspelbare roetine te volg, wat hul kwesbaarheid vir misdaadviktimisasie verhoog.
- Ouderdomverwante faktore, byvoorbeeld swak sig of gehoor, lei daartoe dat hulle nie betyds van gevaar bewus word nie. Hulle raak dikwels vergeetagtig en tref dus nie die nodige veiligheidsmaatreëls nie, soos om deure te sluit om hulself te beskerm.
- Tengerige bejaardes wat van ander mense afhanklik is om hulle te versorg, is uiters kwesbaar vir viktimisering, soos aanranding en verwaarlosing. (5)

5.4 Daar word baie geskryf oor die sielkundige trauma wat met die verkragting van vroulike slagoffers gepaard gaan. Hoewel minder navorsing oor manlike verkragtingslagoffers gedoen word, dui navorsing daarop dat mans soortgelyke reaksies op verkragting as vroue ervaar. Manlike verkragtingslagoffers ervaar onsimpatieke houdings van polisiebeamptes wanneer hulle die misdaad aanmeld. Hoewel die nuwe wetsontwerp op seksuele oortredings nou ook manlike verkragting insluit, sal dit baie verg voordat manlike verkragtingslagoffers hul wantroue in die regstelsel te bowe kom en hierdie oortredings aanmeld. Die stereotipe van mans wat altyd seks wil hê en dit altyd geniet, maak dit baie moeilik vir mans om te erken dat hulle verkrag is en om dit boonop aan te meld. Nog 'n stereotipe, wat grootliks deur sosialisering versterk word, is dat mans nie slagoffers kan wees nie. Skaamte en die stigma wat aan manlike verkragting kleef, is verdere faktore, asook die tradisionele rolle van manlikheid. (5)

[20]

TOTAAL AFDELING B: 20

AFDELING C

VRAAG 6

6.1 Ses keer lewenslange gevangenisstraf (1)

6.2 Om van versekering te eis (1)

6.3 Kempton Park Landdroshof (1)

6.4 Sy word daarvan aangekla dat sy saamgeweer het om haar polisiekollegas dood te maak. (1)

6.5 Sameswering om die man dood te maak wat vir haar inhegtenisneming verantwoordelik was (1)

6.6 Sersant Keshi Mabunda, kolonel Nthipe Boloka (2)

6.7 2018 (1)

6.8 Konstabel (1)

6.9 Tembisa-polisiekantoor (1)

6.10 **Aantekening aan die nasiener: Die volgende moet as riglyne gebruik word wanneer punte toegeken word.**
Programevaluering is 'n noodsaaklike komponent in die ontwikkeling van spesifieke misdaadvoorkomingsprogramme omdat dit nie slegs die doeltreffendheid van 'n misdaadvoorkomingsprogram assesseer nie, maar ook help met die beplanning en ontwikkeling van toekomstige misdaadvoorkoming-inisiatiewe.

Die effektiwiteit van 'n program kan gemeet word deur onder meer die volgende:

- Persoonlike en fokusonderhoude – 'n onderhoud word gevoer met die mense wat die groep bygewoon het. Die doel van die onderhoud is om die ervarings en menings van die groep te verken asook uit te vind of hulle meen dat hulle daarby baat gevind het.
- Gevallestudie – volg 'n persoon se lewensgeskiedenis voor, tydens en ná die program om te bepaal of hul deelname aan die groep hul gedrag verander het.
- Vraelys – Die doel van die vraelys is om te bepaal of gedragsveranderinge as gevolg van die program plaasgevind het.
- Dit is baie doeltreffend as 'n voortoets-natoets-ontwerp tydens evaluering gevolg word. Dit impliseer dat die programdeelnemers die evalueringsinstrument voltooi voordat hulle aan die program deelneem en dan weer ná die voltooiing daarvan om te bepaal of die veranderinge as gevolg van hul deelname aan die groep plaasgevind het. (10)

6.11 **Aantekening aan die nasiener: Die volgende moet as riglyne gebruik word wanneer punte toegeken word.**

- Misdaadslagoffers ervaar dikwels woede weens hul viktimisering.
- Hul woede sal gerig wees teen die sinloosheid en onregverdigheid van die misdaad, teen hulself of teen die dader.
- Dit kan wraakgedagtes tot gevolg hê.
- Hierdie wraakgedagtes bly gewoonlik gedagtes, maar in geïsoleerde gevalle is daar verskriklike gevolge as hierdie gedagtes in dade omgesit word.
- Wraakaanvalle deur misdaadslagoffers staan ook as vigilanteaanvalle bekend.
- Vigilantisme vind plaas indien gewone wetsgehoorsame burgers toenemend betrokke raak by misdadige aktiwiteite deur die reg in eie hande te neem. Hierdie aanvalle gebeur dikwels as misdaadslagoffers voel dat niks gedoen word omtrent die misdaad waarvan hulle ’n slagoffer was nie.
- Indien die uitwerking van misdaad op die samelewing nie gehanteer word nie, bestaan die gevaar dat ’n gemeenskap kan glo dat die staat en die polisie onbekwaam of selfs onwillig is om die toenemende misdaadprobleem in hul gemeenskap aan te pak.
- Hierdie tersiêre misdaadslagoffers kan dan gemotiveer word deur die frustrasie en woede wat hulle voel om wraak te neem.
- In hierdie gevalle word woede dikwels geopenbaar jeens die verdagte oortreder of mense wat as potensiële oortreders beskou word.
- Wraakaanvalle deur gemeenskappe kan wreedaardige skareaanvalle (‘mob attacks’) op verdagte oortreders tot gevolg hê. (Enige 10 × 1) (10)

[30]

TOTAAL AFDELING C 30

AFDELING D

Beantwoord enige EEN van die volgende vrae in hierdie afdeling.

VRAAG 7

Aantekening aan die nasiener: Die volgende moet as riglyne gebruik word wanneer punte toegeken word. Ken enige 20 van die volgende toe:

- Misdaadvoorkomingsmodelle verwys na verskillende metodes van beplanning en optrede wat gebruik word om misdaad te voorkom of te verminder.
- Elke misdaadvoorkomingsmodel bestaan uit ’n aantal metodes, strategieë en tegnieke wat in die voorkoming van misdaad toegepas word. ’n Model word gebruik om probleme te analiseer en op te los.
- Verskillende misdaadvoorkomingsmodelle of benaderings kan gevolg word, soos in die volgende tabel aangedui.

MODEL	Fokus	Voorbeeld
Model vir maatskaplike misdaadvoorkoming	Hierdie model fokus op maatskaplike instellings (gesinne, skole, kerke en werkplekke) en hul rol daarin om mense prososiale of misdadige waardes en norme te leer. Die model skenk veral aandag aan kwesbare groepe, soos jongmense, bejaardes, armes en werkloses om die risiko te verlaag dat hulle by misdaad betrokke raak of misdaadslagoffers word.	Regeringsbeleid vir die opknapping van stedelike en landelike gebiede, voorkoming van misdaad en voorsiening van beter behuising en geriewe.
Model vir die beperkte geleentheid vir misdaad	Die model poog om geleenthede te beperk vir mense om misdaad te pleeg deur te fokus op potensiële misdaadslagoffers, die gemeenskap en omgewing.	Programme fokus op die jeug, byvoorbeeld opvoedkundige programme en programme om gesonde ontspanningsaktiwiteite soos sport- en kulturele aktiwiteite te bevorder.
Die gemeenskapsgebaseerde misdaadvoorkomingsmodel	Hierdie model het ten doel om misdaad te voorkom deur potensiële misdadigers bewus te maak van die gevare, risiko's en gevolge daarvan om in spesifieke woonbuurte aangetref te word.	Stedelike en omgewingsbeplanning om omgewingsmisdaadrisikofaktore te verminder, soos die gebruik van GKTV in sakegebiede, en om informele nedersettings op te gradeer, deur byvoorbeeld sanitasie en ander probleemareas te verbeter. Mense word ook geleer om meer veiligheidsbewus te wees.
Model vir biofisiese voorkoming	Die model het ten doel om misdaad te voorkom deur middel van vroeë behandeling van mense, veral kinders, met fisieke en verstandelike gestremdhede, wat hulle vatbaar vir misdadige en afwykende gedrag maak.	Buurtwag, burgerlike patrollies, gemeenskapspolisiëring en gemeenskapslede wat mekaar se eiendom en veiligheid bewaak. Mediese behandeling van byvoorbeeld slagoffers, en medikasie.

Model vir sielkundige behandeling	Hierdie model fokus op die behandeling van mense met sielkundige behoeftes en versteurings wat misdadige gedrag kan openbaar, byvoorbeeld kleptomanie, wat 'n kompulsiewe drang is om te steel. Hierdie drang het niks met finansiële gewin te make nie.	Terapeutiese behandeling, byvoorbeeld terapie, berading en gedragsmodifikasie.
Model vir geïntegreerde misdaadvoorkoming: Voorkoming van spesifieke misdade ✓	Hierdie model gebruik aspekte van verskillende ander misdaadvoorkomingsmodelle ten einde verskillende risikofaktore te hanteer wat misdadige gedrag kan veroorsaak, soos depressie, stres en aggressie.	Rehabilitasieprogramme wat fokus op alkohol- en dwelmafhanklikheid. Berading is daarop gerig om emosionele probleme soos depressie, stres en aggressie te behandel.
Misdaadvoorkoming en -beheer deur middel van die strafregsplegingstelsel	Die strafregsplegingstelsel is gemoeid met misdaadbeheer deur middel van wette en die funksionering van die SAPD, howe en Korrektiewe Dienste.	Verskillende departemente volg 'n multidimensionele benadering tot misdaadvoorkoming, byvoorbeeld die polisie bestry misdaad, howe vervolg misdadigers en Korrektiewe Dienste gee aandag aan die oortreder se rehabilitasiebehoeftes.

(20)

OF

VRAAG 8

Aantekening aan die nasiener: Die volgende moet as riglyne gebruik word wanneer punte toegeken word.

8.1
- Maatskaplike werk is die studie van die interaksies tussen mense en die samelewing-instellings, soos familie, skool en staat, wat mense se vermoë aantas om algemene lewenstake te verrig en ambisies te verwesenlik.
- Maatskaplike werkers verskil van sielkundiges daarin dat hulle nie slegs fokus op 'n persoon nie maar op die persoon se interaksies met verskillende groepe, wat hul vriende, familie en werkkollegas asook samelewing-instellings insluit.
- Hulle poog om die sosiale funksionering van mense in die samelewing te verbeter.
- Maatskaplike werkers kan ook spesialiseer en forensiese maatskaplike werkers word.

- ’n Forensiese maatskaplike werker werk spesifiek op die gebied van straf- en siviele reg.

- Hulle word in diens geneem in instellings soos psigiatriese hospitale, verskillende staats- en munisipale agentskappe en wetstoepassingdepartemente.
- Hul pligte sluit in die voorsiening van rehabilitasiedienste aan jeugdige en volwasse oortreders.
- Rehabilitasiedienste sluit byvoorbeeld opleiding en die hereniging van oortreders en hul gesinne in.
- Om doeltreffende dienste te lewer moet hulle ’n goeie begrip en kennis van kriminologie hê.
- Maatskaplike werkers probeer om die lewens van mense, groepe en samelewings oor die algemeen te verbeter.
- In die uitvoering van hul professionele pligte help maatskaplike werkers die polisie en tree hulle as deskundige getuies in die hof op.
- Die sake waarin hul getuienis lewer, sluit dié in wat kinderbeskerming en toesig behels.
- Hulle het waardevolle kennis oor partye wat by hierdie sake betrokke is. Dit word verkry deur, byvoorbeeld, tuisbesoeke en waarneming van beserings wat opgedoen word.
- Maatskaplike werkers is ook betrokke by misdaadslagoffers.
- Hulle verskaf traumaberading aan die misdaadslagoffer en ander betrokkenes, soos die gesinslede wat deur ’n misdaad geraak is. (10)

8.2

- Elke formele en informele struktuur soos ’n staat, onderneming en selfs ’n familie het sekere reëls wat die gedrag van die struktuur se lede rig.
- Die reëls word afgedwing en gereël deur ’n aangewese lid van die struktuur, byvoorbeeld wetstoepassingsagente, ’n maatskappybestuurder of ’n ouer.
- Die proses van implementering, uitvoering en regulering van hierdie reëls staan bekend as bestuur.
- Dit sluit aspekte soos openheid, deelname, aanspreeklikheid, effektiwiteit en samehang in.
- Die manier waarop bestuur in ’n struktuur plaasvind, sal die doeltreffendheid van die struktuur asook die geluk en tevredenheid van die struktuur se lede bepaal. Onverantwoordelike bestuur word dikwels met korrupsie verbind.
- Kriminoloë in hul professionele hoedanigheid het die verantwoordelikheid om by te dra tot verantwoordelike bestuur in verskillende strukture, soos regering, wetstoepassing en die sakesektor.
- Volgens die gedragskode vir kriminoloë en viktimoloë is kriminoloë daartoe verbind om die algemene welstand van alle individue en groepe in die samelewing te verbeter.
- Dit kan bereik word deur verantwoordelike bestuur voor te staan.
- Die kriminoloë se professionele rol is om misdaad en misdadige gedrag te bestudeer.
- Hul navorsing vorm die bousteen vir teorieë om misdaadveroorsaking, -syfers en -neigings te verduidelik.

Kopiereg voorbehou

- Op hul beurt kan die teorieë help met die ontwikkeling van misdaadvoorkomingstrategieë, meer doeltreffende rehabilitasieprogramme en produktiewe slagofferondersteuning-inisiatiewe.
- Navorsingsbevindings kan boonop waardevolle kennis voorsien wat beleidmakers kan help om ingeligte besluite oor beleid te neem, en sodoende verantwoordelike bestuur ondersteun.
- Sommige teorieë voer aan dat hoe meer geld aan kriminologienavorsing bestee word, hoe beter die strafregsplegingbeleide sal wees, en gevolglik sal ’n gesonder samelewing gebou word.
- Kriminoloë kan ook as ’n waghond optree om korrupsie te voorkom. Sodoende dra hulle tot verantwoordelike bestuur by. Kriminoloë het ’n verskeidenheid navorsingsinstrumente tot hul beskikking.
- Hierdie instrumente kan gebruik word om die verskynsel van korrupsie en die onderliggende waardes wat daarmee verband hou, na te vors.
- Hierdie bevindings kan op hul beurt gebruik word om die publiek op te voed en noodsaaklike rolspelers wat betrokke is by die bestryding van korrupsie van inligting te voorsien wat benodig word om hulle met hierdie take te help. (10)

[20]

TOTAAL AFDELING D: 20
GROOTTOTAAL: 100

Kopiereg voorbehou